RAADSBELEID

ONDERWERP : BELEID INSAKE TWEEDE WOONEENHEDE

VERWYSING : 15.1.B & 15.1.2

BESLUIT NR : 22.19/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om prosedures en riglyne daar te stel vir die hantering van aansoeke om tweede wooneenhede en aspekte wat daarmee verband hou.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om die gemeenskap in staat te stel on uit eie fondse aan die behuisingsnood te voorsien.

RIGLYNE

Alle tweede wooneenhede binne die Raad se regsgebied moet aan die volgende vereistes voldoen:

1. 'n Tweede wooneenheid hoef nie noodwendig aan 'n gebou gekoppel te wees nie.

2. Slegs een addisionele wooneenheid, sal met die vergunning van die Raad, toegelaat word op Residensiële Sone I en Landbou erwe en geen nuwe wooneenheid sal op 'n perseel wat reeds vir sake gesoneer is, toegelaat word nie.

3. Alle tweede wooneenhede moet van kook-, toilet- en 'n bad- of stortgeriewe voorsien word.

4. ‘n Tweede wooneenheid mag nie meer as 60% van die dekking van die hoofwoning beslaan nie.

5. Die minimum vloerruimte van 'n tweede wooneenheid is 36m² en mag nie 120m² oorskry nie.

6. 'n Tweede wooneenheid mag 'n integrale deel wees van die primêre eenheid of dit kan daarmee skakel of 'n losstaande eenheid wees, solank die totale bruto vloeroppervlakte van alle geboue op die erf, ondanks die bepalings in paragraaf 5, nie meer as 66% van die erf mag wees nie.

7. Die boulyne van toepassing op 'n tweede wooneenheid sal dieselfde wees as die res van die hoofgebou en buitegeboue soos in die Raad se Dorpsaanlegskemaregulasies bepaal.

8. Dat, in die geval van beperkende titelvoorwaardes, die normale opheffingsprosedures gevolg moet word alvorens die Raad se goedkeuring verleen word.

9. Die goedkeuring vir die oprigting van 'n tweede wooneenheid sal slegs toegestaan word indien die Raad daarvan oortuig is dat die bestaande ingenieursdienste en

gemeenskapsfasiliteite die digtheid van bewoning sal kan akkommodeer.

PROSEDURE

1. Alle aansoeke om tweede wooneenhede moet op die voorgeskrewe vorms, verkrygbaar by die Adeling Stadsbeplanning en Boubeheer, ingedien word.

2. By ontvangs van die aansoekvorms, bouplanne en aansoekgelde, sal die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer die aansoek ooreenkomstig die voorskrifte van die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998) prosesseer.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1. Dorpsaanlegskemaregulasies.
2. Die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998)

HERROEPING EN WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.